

Vyf Bybelse begrippe wat Elke Nuwe Gelowige moet Verstaan



(OM GEESTELIKE GROEI TE VERMEERDER EN FRUSTRASIE TE VERMINDER!)

(Belangrik - Woorde of frases wat **onderstreep** is, het dalk verdere verduideliking nodig)

1. As my Saligmaker, wil Jesus hê dat ek weet dat al my sondes vergewe is en dat ek nou die ewige lewe het.

Joh. 5:24 “Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan.”

Rom. 4:7-8 “Geseënd is die mense wie se oortredinge nie gestraf word nie en wie se sonde vergewe word. 8Geseënd is die mens vir wie die Here die sonde nie toereken nie.”

Rom. 8:1 Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.

Rom. 8:16 Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.

Rom. 8:31 Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?

Rom. 10:13 want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

1 Joh. 3:24 ... Hiëraan weet ons dat Hy in ons bly: Hy het ons sy Gees gegee.

1 Joh. 5:11-13 En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. 12Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die

Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie. 13Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.

2. As my Heer, wil Jesus hê dat ek weet ek is duur gekoop en dat ek nie meer aan myself behoort nie.

Joh. 13:13 Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit.

Rom. 11:33-12:1 ... Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. ... En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.

Rom. 14:7-8 Niemand van ons leef tog vir homself nie, en niemand sterf vir homself nie. 8As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

1 Kor. 6:19-20 Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: 20julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.

1 Kor. 7:22-23 ... Net so ook is 'n vry man wat deur die Here geroep is, nou 'n slaaf van Christus. 23Julle is vrygekoop en die prys is betaal;

2 Kor. 5:15 Hy het vir almal gesterwe, sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.

Nota: Hierdie gedagte kan oorweldigend wees, as dit nie vir die absolute waarheid was dat God my liefhet nie en altyd die beste sal doen vir my.

Indien God my liefhet en slegs die beste vir my kan doen, en nooit foute maak nie, wat sou 'n logiese rede kon wees om Hom nie as my Meester te aanvaar nie?

3. Ek is besonders en God het 'n wonderbare, unieke plan vir my hele lewe, en Hy wil hierdie plan vir my bestuur.

Psalm 40:6 Here my God, U het baie wonderlike dinge gedoen; U dink altyd aan ons; daar is niemand soos U nie. Ek sou daarvan wou vertel en daaroor praat, maar dit is te veel om op te noem.

Psalm 139:16 U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.

Spreek 3:5-6 Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. 6Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

Jer. 29:11 Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!

Mat. 11:28-30 (Jesus het gesê) "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. 29Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. 30My juk is sag en my las is lig."

Rom. 8:31-32 Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vór ons, wie kan dan teen ons wees? 32Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?

4. God wil hê ek moet weet dat alleenlik die Heilige Gees in staat is om God se plan aan my te openbaar en my daarin te lei.

Spreuke 16:9 'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop.

Jes. 55:8-9 My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; 9soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.

Jer. 10:23 ... die mens kan nie self sy pad kies nie, niemand kan self sy koers bepaal nie.

Joh. 12:24-26 (Jesus het gesê) Dít verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in. 25Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou. 26As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer.

1 Kor. 2:9-14 ...“Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie,” en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet. 10Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God.

5. God wil hê ek moet weet dat die Heilige Gees my sal leer om Sy leiding te herken, te volg en te gehoorsaam.

Psalm. 32:8 Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou.

Lukas 9:23-24 Toe het Hy vir almal gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg,

Joh. 10:27 (Jesus het gesê) “My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My.”

Joh. 14:26 en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

Joh. 16:13-15 Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. 14Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. 15Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.”

Rom. 12:2 Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.



Sien ook [“Waar bevind ek my as Christen”](#)

